

**9 Oktober**

**Spreeke 19:1-9; HK Sondag 43**

### ***Leuen en waarheid***

Oor die lot en die uiteinde van iemand wat die negende gebod oortree laat die Skrif en ons belydenis geen twyfel nie. So iemand kom nie vry nie (vers 5). So iemand sal tot niet gaan (vers 9). Dat hy tot niet kan gaan kan ook beteken dat sy lewensjare min sal wees.

Tog gebeur dit dat baie mense vir baie jare met leuens en bedrog wegkom. Hulle vertel leuens in die hof en lê valse verklarings af. Hulle knoei met die belasting. Hulle verkondig dwaalleer en versprei valse gerugte. Hulle skinder en vertel halwe waarhede. Hulle praat kwaad van ander deur te vertel dat iemand iets gedoen het sonder om daarby te sê hoekom hy dit gedoen het.

Mense wat hierdie dinge doen en nie daarmee ophou nie bring daarmee die sware toorn van God oor hulleself. Hulle sal nie daarvan vrykom nie. Die leuen, wat sy oorsprong by Satan het veroorsaak dus uiteindelik die ewige dood.

Daar is egter die wat deur die Here uit genade verlos word van die ewige dood. Deur die werk van die Heilige Gees bely hulle hulle sondes en omhels hulle Jesus Christus as die Verlosser; Hy wat in die plek van die leuen en die dood die waarheid en die lewe gebring het. Hulle word ook sy navolgers en staan al hoe meer daarvoor bekend dat hulle die waarheid liefhet en leuens haat. Hulle doen ook alles in hulle vermoë om hulle naaste se eer en goeie naam te verdedig en te bevorder.

Kan dit ook van u gesê word?

Sing: Psalm 34:6

Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)